# RESENSIE

## *"Sing nuwe sange, nuutgebore"*
## *Liturgie en Lied deur W M L Strydom*

*J J K Kloppers*[1] *& M Viljoen*[2]

Uitgewer: Departement Musiek (Afdeling Kerkmusiek),
Universiteit van die Oranje-Vrystaat
Drukker: N G Sendingpers: Bloemfontein 1994

## Inleiding

Die verskyning van *"Sing nuwe sange, nuutgebore." Liturgie en Lied* is 'n gebeurtenis van groot betekenis vir die kerkmusiek in Suid-Afrika. In 'n tyd waarin die kerklied wêreldwyd in die brandpunt van diskussie staan, kan die invloed van hierdie publikasie nouliks oorskat word. Die diepgang van die besinning rondom die teologie en die estetika van die kerklied maak van hierdie werk méér as blote handboek: die liturgiewetenskaplike, estetiese en historiese benadering lewer trouens 'n bydrae wat as riglyn kan dien vir 'n reeks lesers/"verbruikers" wat strek van die teoloog en filosoof tot by die eg praktyk-gerigte kerkmusikus en predikant. Ook sou mens hoop dat gewone lidmate van hierdie boek sal kennis neem, en die standpunte daarin vervat deeglik oorweeg. Die werk is immers toeganklik geskryf, en spreek kwessies aan waarmee reeds etlike dekades op alle vlakke van die kerklike lewe geworstel word. *"Sing nuwe sange, nuutgebore"* is miskien die één publikasie wat die gapende kloof tussen "beleidmakers in kerkmusiek", en die gewone lidmaat sou kon oorbrug, in dié sin dat die boek baie bewustelik omgaan met sake wat die hart van die polemiek rondom hedendaagse kerksang raak. Daar kan geen twyfel daaroor wees dat die kerklied, meer nog as die prediking en belydenisskrifte, 'n "uitstalvenster" van die gees en klimaat van 'n bepaalde kerk is nie,[3] en dat die geestelik-sielkundige krag daarvan deeglik in berekening gebring moet word nie. Dr. Strydom maak duidelik dat die mens, ook die verloste mens, 'n mens van nou is, 'n mens wat leef te midde

1 Prof J J K Kloppers, King's University College, Edmonton, Kanada. (E-Pos: KKLOPPER@KINGSU.AB.CA)

2 Mev M Viljoen, Departement Musiek, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein 9300.

3 Barnard A.C. 1981. *Die erediens.* Pretoria: N G Kerkboekhandel, p. 589.

van die denkklimaat, kultuurklimaat en strominge van die post-moderne era. Hy verwerp vroeëre dualistiese sienswyses wat kerk en wêreld skei, en beklemtoon dat God Hom met die volle spektrum van ons menswees vereenselwig, ook in die laat-twintigste eeu. Die erediens mag daarom "fees" wees, maar nooit 'n fees van ongebreidelde ekstase nie, dog getemper deur die voortdurende bewussyn van Hom wat op die troon sit. Hierdie klem op die erediens as ontmoetingsgeleentheid tussen God en sy verloste verbondsvolk, word konsekwent in al drie die hoofafdelings van die boek deurgevoer. En dit is miskien juis hiérdie aspek waaroor alle betrokkenes vandag moet besin: gaan dit in die oorwegings rondom "vernuwing" primêr oor die verheerliking van God, of gaan dit om 'n een-dimensionele sug na oppervlakkige emosionalisme en infantilistiese selfbevrediging - begrippe so eie aan die hedendaagse massakultuur - en begrippe wat uiteindelik op subtiele wyse lei tot niks minder nie as 'n moderne vorm van "afgodsdiens" (p. 235).

## Die aktualiteit van die werk

Soos bo vermeld, kon hierdie publikasie nouliks op 'n meer gepaste tyd na vore getree het. Wêreldwyd is daar 'n groot geroep om vernuwing/verandering van die kerkmusiek waaruit talle eksperimente voortkom, almal egter lank nie verantwoord nie. Hierdie aandrang tot vernuwing is 'n sterk refleksie van 'n algemeen-universele vraag na *relevansie* in die aanbidding, 'n tema wat 'n geweldige invloed op die kontemporêre kerk uitoefen. Johansson[4] stel dit soos volg:

> The theme of relevancy is one that has been taken up in full force by the contemporary church. Terms such as *identify with, here and now, meet the people where they are* and *all things to all men* are everyday jargon.

Relevansie in hierdie verband hang egter ook dikwels ten nouste saam met die invloed van die sogenaamde "massakultuur", waarby oppervlakkigheid en 'n sug na kitsbevrediging wel deeglik behoeftes rondom kerkmusiek - en spesifiek die musikale inkleding van die teks - gekondisioneer het. Hierdeur is die transendent-gerigte aspek van aanbidding in die kerk, asook die tradisionele kerkmusiek as 'n besondere verklank-

4 Johansson C. M. 1993. *Music and Ministry. A biblical counterpoint.* Peabody: Hendrickson, p. 34.

ing daarvan, op die agtergrond geskuif. Proponente van die nuwe "relevante" styl mag wel betoog dat bogenoemde tipering nie reg laat geskied aan die tekskeuses van die nuwe liedere nie - wat in 'n groot mate Bybelprosa is - maar die musikale styl en inkleding is dikwels meer gerig op 'n psigies-fisiese selfuiting as op "aanbidding" in 'n transendente sin.

Bogenoemde wysigings in godsdienstige belewing en spiritualiteit het ook die Afrikaanse gereformeerde kerke nie onaangeraak gelaat nie. Sedert die vroeë tagtigerjare word dit hoe langer hoe meer duidelik dat veral jongmense nie langer prys stel op ons hele gereformeerde en protestantse musiekerfenis nie, maar dat 'n sterk behoefte aan gevoelsdeelname oorheers, waarby ook minder diepgang in die prediking en die vermyding van die formele voorop staan. Op die lang duur sou hierdie "vernuwing" ten opsigte van die kerkmusiek 'n algemeen-oppervlakkige erediensstyl in die hand werk, waarby feitlik 'n herdefiniëring van liturgiese sake ter sprake sou wees. Hierdie ontwikkelinge is egter lank nie deur almal verwelkom nie.

Dit is dus duidelik dat gevestigde kerke wêreldwyd voor 'n groot uitdaging wat betref die kerkmusiek te staan gekom het, waarby veral konflik ter sprake is tussen aan die een kant die liturgies-, musikaal- en esteties-verantwoorde kerksang-ideaal, en die eise van populêre smaak aan die ander kant. In hierdie situasie tree Strydom se publikasie as 'n uiters tydige werk na vore. Juis die diepgang waarmee besin word oor die teologie en estetika van die kerklied is van die grootste belang vir diskussies rondom die balans tussen die funksionele en die artistieke, asook die rol van beide die eenvoudig-volkse én die deurdag-estetiese.

## Inhoud

Die inhoud van die boek is verdeel in drie afdelings, wat onderskeidelik 'n historiese, prinsipiële, en praktiese perspektief belig. Afdeling 1 vertel die verhaal van die liturgie- en kerksanggeskiedenis vanaf die tyd van die Ou Testament tot in die hede. Die bespreking wys duidelik op die geestesstrominge wat deur die eeue heen die erediens lewe en sang van die kerk op die een of ander wyse beïnvloed het. Die doel is om enersyds tradisionele én eietydse liturgiese praktyke, maar andersyds ook die uitdagings wat 'n nuwe denk- en maatskaplike klimaat aan die liturgiese lewe van die kerk stel, te leer ken en verstaan vanuit die toepaslike historiese begronding. Die bespreking van die liturgiese ontwikkeling van

die vier Afrikaanse Kerke in Hoofstuk 6 is op sigself 'n waardevolle toevoeging tot bestaande literatuur.

Afdeling 2 besin oor die prinsipiële norme wat die Christelike erediens in al sy fasette behoort te bepaal ten opsigte van vorm- en inhoudgewing, verhouding tot die kultuurmilieu, sowel as styl, terwyl Afdeling 3 'n veelheid van praktiese sake behandel, spesifiek ten opsigte van die eietydse implementering van liturgiese sang en musiek in die gereformeerde erediens.

As geheel kan die publikasie sonder meer as 'n pionierswerk getipeer word, die eerste van sy soort in Afrikaans. Dit beteken nie dat daar nie reeds verskeie Afrikaanse bronne is wat op een of ander wyse met die erediens, liturgie of kerklied te doen het nie. Die waardevolle bydraes van Loots, Loader, Barnard, de Klerk en Müller[5] kan hier as voorbeelde genoem word. Nogtans kan "*Sing nuwe sange, nuutgebore*" as enig in sy soort beskryf word. Die werk spreek naamlik aspekte aan waaroor daar nog nie werklik in Afrikaans geskryf is nie, en dan ook op 'n wyse wat die voorafgaande literatuur nie bied nie. Hier gaan dit veral om Strydom se deeglike studie van die verhouding tussen kultuur en liturgie, estetika en liturgie, en die liturgiese etiek. Verder moet in gedagte gehou word dat nie een van die bestaande werke die historiese gegewe met die liturgiese sangpraktyk of erediens self integreer op die wyse waarmee die outeur daarmee omgaan nie; ook is sommige uitsprake of praktiese wenke in die vroeëre publikasies (soos byvoorbeeld dié van Loots), op hierdie stadium verouderd. Strydom se basiese uitgangspunt is een van *liturgiese funksionaliteit*, en hierin lê moontlik die grootste enkele bydrae van die werk: daar is geen prinsipiële verskil tussen praat en sing nie, "daar word nie bloot maar *in* die liturgie gesing nie, maar *die liturgie word* gesing; (p. 285). Hierdie sienswyse is geheel nuut insake die liturgiese denke in ons kerk, en gee dan ook 'n bepaalde en gerigte diepgang aan die funksie van liturgiese sang wat nou 'n *volwaardige liturgiese handeling*, asook 'n *volwaardige liturgiese kommunikasiemiddel* word, dus veel méér as die

5 Loots, P.J. 1948. *Ons Kerklied deur die eeue.* Stellenbosch; Loader, J.A. 1979. *'n Nuwe lied vir die Here.* HAUM: Pretoria/Kaapstad; Barnard, A.C. 1981. *Die Erediens.* N G Kerkboekhandel: Pretoria; De Klerk, J.J. 1982. *Liturgiese Grondlyne.* N G Kerk-Uitgewers: Kaapstad; Müller, J.A. 1990. *Die erediens as fees.* N G Kerkboekhandel: Pretoria.

onderstreping van hoogtepunte in die diens, of die skep van 'n bepaalde atmosfeer, ens. (p. 285).

Ten opsigte van relevansie in Suid-Afrikaanse verband val ook op die belangrikheid van die ekumeniese perspektief, 'n gegewe wat Strydom vanuit die historiese begronding fundeer, en wat besliste prinsipiële riglyne vir 'n heroriëntering van die diskussie rondom die kerklied en erediens in wyer verband bied.

## Die invloed van die publikasie op die vakgebied

Ook vanuit die perspektief van die internasionale literatuur kan die werk 'n besliste bydrae lewer. Ten spyte van die omvattende nadenke oor die liturgiese lewe van die kerk in die twintigste eeu, is dit 'n feit dat daar in die jongste tyd nog maar min gepubliseer is oor die liturgiese estetika. Hier en daar is daar wel terloopse verwysings na die liturgiese kunsbeoefening te vind in publikasies oor 'n eietydse Christelike kunsfilosofie. Ook in sommige himnologiese werke word daar opmerkings oor die estetika gemaak. Nêrens is daar egter nog doelbewuste, gesistematiseerde navorsing op hierdie terrein gepubliseer nie. Dit, onder andere, wil hierdie publikasie juis doen. Die werk kan beskou word as feitlik 'n "Fundgrube" van gegewens oor die geskiedenis en ontwikkeling van die kerkmusiek en die elemente wat dit behoort te bevat, geplaas binne die laat-twintigste-eeuse milieu, waarby die problematiek terselfdertyd in wêreldperspektief ter sprake gebring word. Die boek bring die gesprek oor die kerkmusiek op 'n nuwe niveau, en sal ongetwyfeld die denke oor die kerkmusiek aanmoedig, maar dan op 'n verantwoordelike, wetenskaplike, maar terselfdertyd eietydse wyse. Strydom se standpunte berus op 'n beredeneerde, weldeurdagte posisiekeuse. Die boek is met groot helderheid geskryf, maar ook met groot beskeidenheid. Dit is nie 'n werk wat poneer nie, maar wat materiaal bymekaarmaak met die oog daarop om elke gesigspunt te ondersoek en te evalueer. Juis hierin lê die breedheid van opset waardeur die werk gekenmerk word; 'n breedheid wat sonder meer getuig van groot openheid ten opsigte van 'n nuwe kulturele situasie.

Vir die toekoms van die Afrikaanse erediens, die liturgie en liturgiese sang, is Hoofstuk 14 wat handel oor *Gereformeerde Diensordes en Liturgiese Sang* van uiterste belang. Strydom wys op die belangrikheid van 'n herontdekking van litugiese praktyke wat tot dusver as 'n soort taboe in die gereformeerde tradisie beskou is. Die liturgiese praktyk in ons gere-

formeerde kerke waar die rol van die gemeente verskraal is tot die sing van kerkliedere, is gewoonlik verdedig as "Calvinisties". Reeds in 1979 het Nicholas Woltersdorff in 'n referaat by die Sentrale Konferensie vir Liturgie en Kerksang van die Noord-Amerikaanse Christian Reformed Church in Grand Rapids getuig hoe "bevrydend" hy as Calvinis sy navorsing aangaande Calvyn in hierdie verband gevind het. Die Gereformeerde tradisies soos algemeen (insluitende Suid-Afrika) gehandhaaf word, het min met Calvyn te doen en veel meer met Zwingli. Calvyn se diensorde staan veel nader aan die ryker oudkerklike tradisie wat bly handhaaf is in die Lutherse en Anglikaanse praktyke. Aspekte van hierdie diensorde is sedertdien ingevoer in die Christian Reformed Church met verrykende resultate. Die betrekking van die gemeente in wisselspraak of wisselgesang met die liturg, die herstel van dele van die diensorde wat ver terugreik na die vroeë praktyke van die Kerk, (en wat met ander wanpraktyke van die Middeleeue niks te doen het nie, soos die *Kyrie, Gloria, Sanctus, Agnus Dei,* ensovoorts, die tradisionele Oorgang na die Tafeldiens as 'n feestelik-sinvolle handeling (Sursum Corda, die ryk, sinvolle Eucharistiegebed, ensomeer), verander die lidmaat van passiewe toehoorder tot meer akiewe deelnemer. Van die oorspronklike gesonge dele van die diensorde kan in vertaalde vorm in Afrikaans bloot gespreek of gesing word in 'n musikale inkleding wat eenvoudig, dog treffend en met diepgang kan wees. Die konsep-diensorde (*'n Katoliek-Gereformeerde Diensorde vir Afrikaanssprekende Gereformeerde Kerke*) soos Strydom dit in hierdie hoofstuk voorstel, verdien ernstige oorweging. Die meer dikwelse gebruik van die Nagmaal - eweneens iets waarna Calvyn gestreef het ten spyte van teenkanting in Geneve - is 'n aspek van die erediens wat ten nouste hiermee saamhang. Waarop al bogenoemde dui, is dat saam met die (nodige) herstel van die kerk in die Reformasie, dit helaas ook somtyds in sekere gereformeerde verbande gebeur het dat die "kind saam met die badwater uitgegooi is" onder die wanopvatting dat so 'n verwerping "Calvinisties" is. Aan die ander kant kan diegene wat vertroud is met die meer oudkerklike diensorde (byvoorbeeld Lutherane, Anglikane) getuig van die betekenisvolheid en aktiewe aanbidding wat deur so 'n diensorde moontlik is.

In die laaste twee hoofstukke van sy boek bring Strydom uiters belangrike gesigspunte en wenke na vore vir 'n geslaagde liturgiese sangpraktyk. Hier dek hy feitlik elke denkbare faset, van die liturgiese

ruim, die kerksangbundel, kerklike jaar tot die praktiese aspekte van 'n kerkmusikus se werk. Van al die ryk stof tot nadenke kan miskien een aspek hier uitgelig word, naamlik die behoefte aan 'n langtermyn musikaal-liturgiese beplanning. Laasgenoemde is nie moontlik sonder 'n "lectionarium" en wel-beplande liturgiese jaar nie. Vir die deursnee orrelis en koorleier is die weeklikse, willekeurige bestaande ad-hoc-praktyk in die meeste gemeentes (wat betref keuses van Skriflesing en tema van boodskap) uiters frustrerend. Weereens: diegene wat in 'n kerkverband werk waar 'n lectionarium en sinvolle kerkorde gebruik word, kan getuig wat vooruitbeplanning in musiek en liturgie kan doen om 'n erediens tot 'n betekenisvolle, meelewende, geïntegreerde ervaring te maak waarin Woord en Musiek sinvol versmelt word.

## Enkele kritiese opmerkings

As geheel getuig die werk van uiters deeglike navorsing wat op 'n besonder wye literatuurstudie berus. Tog het een of twee kleiner puntjies gehinder: die oorsig oor die ontwikkeling van die kunsbeskouing (p. 103-105) voer aan dat die begrip van die "beaux arts" reeds sedert die 16de eeu na vore tree (p. 104). Hierdie begrip is egter eers vanaf die 18de eeu in swang. Ook kan die indruk in die daaropvolgende twee paragrawe gewek word dat die ontwikkeling van die kunstenaar as vrye skepper en die slagspreuk "l'art pour l'art" reeds tydens die Renaissance ontstaan, terwyl hierdie ontwikkelinge respektiewelik tot die 18de en 19de eeue behoort.

Die bespreking van erediensvernuwing in die 20ste eeu (Hoofstuk 5) sluit nie die belangrike vernuwingsbeweging vanuit die Evangeliese kerke in Duitsland ('n beweging wat in ander Protestantse en Rooms-Katolieke kerke in Europa gedupliseer is) in nie, terwyl hierdie beweging juis gesentreer het in 'n nuwe bewustheid en waardering van die liturgie as sentrale "hart" van die kerk. Ook sou in hierdie hoofstuk 'n verwysing na die Amerikaanse vernuwing sedert ongeveer 1950 verwag kon word, 'n vernuwing wat steeds meer belangrik (indien nie sentraal) tot ontwikkelinge in die Westerse kerklike lewe staan nie (- te meer nog omdat Strydom andersinds so dikwels uit die Amerikaanse situasie aanhaal).